# ADDENDUM 2006
# GESKIEDENIS

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1: SLAWERNY**

**WAAROM WAS DAAR 'N VERBAND TUSSEN DIE ATLANTIESE SLAWEHANDEL, EKONOMIESE WELVAART EN RASSISME?**

**BRON 1A**

Hieronder is 'n kaart geneem uit *Shuters History Grade 10*, wat toon hoe die Atlantiese Slawe-driehoek gewerk het.

Byskrifte by kaart:

**NOORD-AMERIKA**

Virginië
Suid-Carolina

DIE KARIBIESE SEE

Jamaika
Haiti
Nevis
Barbados

**SUID-AMERIKA**

Grondstowwe
(suiker, katoen, tabak)

Vervaardigde goedere

Slawe


BRISTOL

**EUROPA**

**WES-AFRIKA**

Gambië
Sierra Leone
Ghana
Benin
Nigerië
Angola

**ATLANTIESE SLAWEHANDEL**



**BRON 1B**

Hierdie plakkate (advertensies 1 en 2) verstrek besonderhede van slawe wat op 'n veiling verkoop word, geneem uit *History of Slavery* deur S Everett.

**ADVERTENSIE 1**


**OM TE VERKOOP**

**Op Donderdag die derde dag van die volgende Augustus,**

**'N VRAG VAN VIER-EN-NEGENTIG HOË GEHALTE, GESONDE NEGERS**

**Bestaan uit**
**Nege-en-dertig mans**
**Vyftien seuns**
**Vier-en-twintig vrouens en**
**Sestien meisies**

**Pas aangekom**
**In die Brigantine Dembia,**
**Francis Bare, Mafter, uit**
**Sierra-Leon, by**
**David & John Deas**



**ADVERTENSIE 2**

**TE KOOP EN TE HUUR**

OP PUBLIEKE VEILING
MAANDAG 18 MEI 1829
ONDER DIE BOME

**TE KOOP**
DIE VOLGENDE DRIE SLAWE


**HANNIBAL**
Ongeveer 30 jaar oud, uitstekende huisbediende, goeie karakter.
**WILLIAM**
Ongeveer 35 jaar oud, arbeider.
**NANCY**
Uitstekende huisbediende en verpleegster.

**TE HUUR**

Voorwaardes: kos, klere en mediese sorg

**MANS- EN VROUESLAWE**

Te koop – elf uur
Fyn rys, gram, 'paddy', boeke, materiaal, naalde, spelde, linte




Een uur – UITMUNTENDE ENGELSE PERD BLUCHER

**BRON 1C**

Beskrywing van 'n slaweveiling, geneem uit *History of Slavery*, deur S Everett.

> Die meeste slawe se eerste traumatiese ondervinding van die Nuwe Wêreld was 'n slaweveiling. Dit het weinig verskil gemaak of dit in die Wes-Indiese Eilande of aan die seekus van die Verenigde State plaasgevind het. Vir 150 jaar het die toneel wat in die 1780s deur Olaudah Equiano beskryf is, min verander: 'Ons was nie lank in die handelaar se aanhouding voordat ons op hul gebruiklike wyse verkoop is nie, naamlik: op 'n gegewe teken (soos byvoorbeeld 'n geslaan op tromme) storm die kopers die werf waar die slawe ingeperk is, binne en maak 'n keuse van die pakket waarvan hulle die meeste hou. Die lawaai en rumoer waarmee dit plaasgevind het en die gretigheid wat duidelik sigbaar was op die gesigte van die kopers het die vrese van die Afrikane verder verhoog. Die Afrikane het die kopers waarskynlik beskou as die bestuurders van die ondergang wat hulle as hul lotgeval beskou het. Op hierdie wyse, sonder enige voorbehoud, is familielede en vriende geskei, om mekaar in die meeste gevalle nooit weer te sien nie.'

**BRON 1D**

Dit is 'n advertensie vir die verkoop van slawe in Georgië, uit *In Search of History Grade 10*.

# VERKOOP VAN SLAWE EN VEE

Die Negers en voorraad wat hier gelys word, is 'n Eersteklas Lot, en behoort aan die boedel van wyle Luther McGowan en sal op Maandag, 22 September 1852 op die Kermisterrein in Savannah, Georgië om 1.00 namiddag verkoop word. Die Negers sal twee dae voor die verkoop na die perseel geneem word sodat voornemende kopers hulle kan besigtig. Op grond van die lae pryse wat gelys word, sal hulle net vir kontant verkoop word en moet hulle binne twee uur na die transaksie oorgeneem word.

Op die veiling sal ook twintig perde en muile met halters, asook dertig beeste verkoop word. Slawe sal individueel of in lotte verkoop word, soos dit die koper geval. Die veiling gaan voort, ongeag dit reën of die son skyn.

| No | Naam | Ouderdom | Opmerkings | Prys |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Lunesta | 27 | Goeie rysplanter | $1 275 |
| 2 | Violet | 16 | Huiswerk en kinderoppasser | 900 |
| 3 | Lizzie | 30 | Rys, nie gesond nie | 300 |
| 4 | Minda | 27 | Katoen, sterk vrou | 1 200 |
| 5 | Adam | 28 | Katoen, sterk jong man | 1 100 |
| 6 | Abel | 41 | Ryswerker, swak oë | 675 |
| 7 | Tanney | 22 | Goeie katoenwerker | 950 |
| 8 | Flamentina | 39 | Goeie kok, stywe knie | 400 |
| 9 | Lanney | 30 | Sterk katoenwerker | 1 000 |
| 10 | Sally | 10 | Kombuiswerker | 675 |
| 11 | Maccabey | 35 | Sterk man, taamlik goeie houtwerker | 980 |
| 12 | Theopolis | 39 | Ryswerker, kry aanvalle | 575 |
| 13 | Coolidge | 29 | Ryswerker en hoefsmid | 1 275 |
| 14 | Bessie | 69 | Nie gesond nie, doen naaldwerk | 250 |
| 15 | Infant | 1 | Sterk lewendige jong seun | 400 |
| 16 | Angelina | 16 | Sterk meisie, swak gehoor | 850 |
| 17 | Booster | 43 | Taamlik goeie messelwerker, ongesond | 600 |
| 18 | Big Kate | 37 | Huishouer en verpleegster | 950 |
| 19 | Melie Ann | 19 | Huiswerker, intelligente bruin meisie | 1 250 |
| 20 | Abe | 27 | Goeie katoenwerker | 1 000 |
| 21 | Tennes | 29 | Goeie ryswerker en koetsier | 1 250 |

**BRON 1E**

Hierdie bron verduidelik die verskillende reaksies op slawerny van sowel swart as wit mense. Geneem uit *In Search of History Grade 10*.

Vir die meeste wit mense is slawerny en kolonialisme net 'n veraf herinnering van niks belangriks nie. Vir die wit mense het slawerny nie besonder lank geduur nie, en dit was net 'n klein gedeelte van wit mense wat voordeel daaruit getrek het. Die bose aard van slawerny word oorskadu deur die rol wat die Britse afskaffers (wat daarvoor geveg het om slawerny afgeskaf te kry) gespeel het. In elk geval word die opkoms van die Westerse lande, veral Brittanje en die Verenigde State, as die industriële heersers van die wêreld, vertolk as die gevolg van die superieure vermoëns van die Engelse. Armoede in Afrika, en rasse-ongelykheid in die Weste, word verduidelik aan die hand van swart onvermoë, onbevoegdheid of luiheid.

Vir swart mense word slawerny en kolonialisme egter elke dag in ons alledaagse bestaan herhaal en roep dit herinneringe op van swaarkry, wreedheid en vrees. Vir swart mense het die Westerse lande hul industriële groei en ekonomiese vooruitgang op die rûe van swartes behaal; het hulle slawerny hoofsaaklik om ekonomiese redes afgeskaf; het hulle sedertdien teen swart mense gediskrimineer, en toon hulle geen berou hieroor nie. Die onderontwikkeling in Afrika en die rasse-ongelykheid in die Weste word hoofsaaklik aan die hand van rassisme en die rassistiese vyandigheid van blankes verstaan.

## VRAAG 2: DIE STREWE NA VRYHEID

**WATTER FAKTORE WAS VIR DIE AMERIKAANSE ONAFHANKLIKHEIDSTRYD VERANTWOORDELIK?**

### BRON 2A

Die Britse regering het die koloniste belas ten einde geld te kry om die Britse troepe wat in die kolonies gestasioneer was, te betaal. Geneem uit *www.mce.k12th.net*.

**SEËLWET (1765):** Belastingseëls moes op alle regsdokumente, pamflette, koerante, lisensies, testamente, kollegediplomas en selfs speelkaarte aangebring word.

**TOWNSHEND-WETTE (1767):** Belasting op tee, glas, papier, verf.

Die Koloniste het protes teen die nuwe belasting begin aanteken. Hulle het die besluit geneem dat die Parlement nie die Amerikaanse Kolonies kon belas nie, aangesien hulle geen verteenwoordiging in die Parlement geniet het nie.

Die slagspreuk 'Geen belasting sonder verteenwoordiging' is dwarsdeur die kolonies gehoor.

Kopiereg voorbehou

**BRON 2B**

Dit is 'n foto en 'n verslag van die Boston Bloedbad (1770) uit *The American Revolution* deur R Parkinson.

**BOSTON BLOEDBAD**



**Boston Bloedbad deur Paul Revere**

In Maart 1770 het die eerste werklike konfrontasie tussen die koloniste en die Britte plaasgevind. Die Britse soldate het hul vererg vir 'n skare koloniste wat hulle met sneeuballe bestook het. Die soldate het begin skiet. Vyf koloniste is gedood, en talle is gewond. Twee van die Britse soldate is skuldig bevind – hulle is gestraf deur hul duime met 'n warm merkyster te laat brand, en toe vrygelaat.

**BRON 2C**

'n Ooggetuie se verhaal van die Boston Bloedbad:

'n Aggressiewe, vyandige skare het die bang troepe uitgetart, en sneeuballe en oesterskulpe opgetel en na hulle gegooi. Toe het iemand die dorp se brandweerklok gelui, wat 'n groter skare na die toneel gelok het. Een oproermaker het 'n Britse soldaat met 'n stok geslaan, en hy het neergeval. Die troepe het hierdie beledigings en aanvalle beantwoord deur hul gewere in selfverdediging te gebruik. Toe die rook opgeklaar het, het vyf mense dood of sterwend gelê, en nog agt was gewond.

**BRON 2D**

Dit is 'n verslag van die Boston Teeparty. Koloniste het die instelling van die Belasting op Tee teengestaan. Uit *A History of the American People* deur S Thernstrom.

**BOSTON TEEPARTY**

Op Donderdag, 16 Desember 1773, het 50 Boston inwoners van die Seuns van Vryheid, wat soos Mohawk-Indiane aangetrek was, aan boord van drie skepe in die Bostonse hawe gegaan.

Teen 9 namiddag het hulle 342 kratte tee op al die skepe oopgemaak en dit in die hawe gegooi. Een van hierdie mans was Paul Revere. Die hele gebeurtenis het merkwaardig stil en vreedsaam verloop. Hierdie gebeurtenis het as die Boston Teeparty bekend geword.

Die Britse regering het aggressief gereageer deur die *Oorredingswette* aan te neem, wat die *Ondraaglike Wette* deur die koloniste gedoop is. Die Boston hawe is vir alle skepery gesluit, 'n militêre goewerneur is uit Engeland gestuur en geen openbare vergaderings is meer in Boston toegelaat sonder die Goewerneur se toestemming nie.

Die Boston Teeparty en die reaksie wat dit uitgelok het, het groter steun vir die revolusionêres in die dertien kolonies gewerf, en die revolusionêres was uiteindelik suksesvol in hul stryd om onafhanklikheid.


**BRON 2E**

In Januarie 1776 het Thomas Paine 'n pamflet gepubliseer met die titel *Common Sense*. Dié pamflet het die noodsaaklikheid van onafhanklikheid verduidelik. Binne drie maande is meer as 100 100 eksemplare daarvan verkoop. Geneem uit *The American Revolution* deur Clorinda Clarke.

*Common Sense* was 'n aanval op die Britse Regering, die Koning en die konsep van die koningshuis self. Die vurige boodskap van die pamflet het die koloniste begeester. Thomas Paine het te kenne gegee dat Koning George III verantwoordelik was vir die ongelukkigheid wat in die kolonies bestaan het. Hy het by die Amerikaanse kolonies gepleit dat hulle van die Britse Ryk moes afskei. Alles wat reg of redelik is, het op skeiding gedui. Paine het met 'n dramatiese laaste bladsy geëindig. Op 'n blanko wit vel, in groot swart letters, het die volgende sewe woorde verskyn:

**DIE VRYE EN ONAFHANKLIKE STATE VAN AMERIKA**

George Washington het opgemerk dat dit 'n wonderlike verandering in die gemoed van talle mense bewerkstellig het.


COMMON SENSE;

ADDRESSED TO THE

INHABITANTS

OF

AMERICA,

On the following interesting

SUBJECTS.

I. Of the Origin and Design of Government in general, with concise Remarks on the English Constitution.

II. Of Monarchy and Hereditary Succession.

III. Thoughts on the present State of American Affairs.

IV. Of the present Ability of America, with some miscellaneous Reflections.

Man knows no Master save creating HEAVEN,
Or those whom choice and common good ordain.
THOMSON.

PHILADELPHIA;
Printed, and Sold, by R. BELL, in Third Street.
MDCCLXXVI.

**BRON 2F**

In *The American Revolution* het R Parkinson die redes vir die Amerikaanse Onafhanklikheidstryd voorgestel.

> Die redes waarom daar gedurende hierdie jare op 'n oorlog afgestuur is, lê op twee vlakke. Op die eerste vlak lê die meer onmiddellike en klaarblyklike oorsake – gekenmerk en geïllustreer deur gebeurtenisse soos die Bostonse Bloedbad en die Bostonse Teeparty, wat uit die ekonomiese en kommersiële 'inmenging' van Londen voortspruit. Maar die oorsake lê egter ook op 'n dieper, meer fundamentele vlak ... [en] dit behels kwessies soos menseregte en die waardigheid van die mens. Sommige koloniale leiers het nie net vir hul eie vryheid nie, maar vir die bevordering van die vrywording van alle mense geveg ...

**VRAAG 3: DIE INDUSTRIëLE REVOLUSIE**

**HET DIE INDUSTRIËLE REVOLUSIE MAATSKAPLIKE EN EKONOMIESE VOORDELE VIR BRITTANJE INGEHOU?**

**BRON 3A**

Dit is 'n sirkelgrafiek wat Britse uitvoere tussen 1700 en 1850 toon, geneem uit *New Generation History Grade 10*.


**DIE INDUSTRIëLE REVOLUSIE**

£4 miljoen
Ander uitvoere
Yster
Koring
Woltekstiele
1700

£9 miljoen
Ander uitvoere
Yster
Koring
Woltekstiele
1750

£25 miljoen
Ander uitvoere
Katoentekstiele
Yster
Woltekstiele
1800

£125 miljoen
Ander uitvoere
Katoentekstiele
Yster
Woltekstiele
1850





| DIE OMSIT VAN PONDE IN RANDE (BENADERD) | |
|---|---|
| **POND** | **RAND** |
| 4 miljoen | 48 miljoen |
| 9 miljoen | 108 miljoen |
| 25 miljoen | 300 miljoen |
| 125 miljoen | 1 500 miljoen |

**BRON 3B**

Die grafiek toon die bevolkingsaanwas in sommige Engelse dorpe en stede tussen 1801 en 1851 aan. Liverpool, Manchester en Blackburn het almal noue bande met die invoer, spin en weef van katoen gehad. Leeds en Bradford was woldorpe. Die hoofindustrieë in Birmingham was juweliersware en ligte metaalwerk. Uit *A History of World Societies* deur J McKay et al.

Bevolking




1801
Aanwas 1801 – 1851

**BRON 3C**

Dit is 'n uittreksel uit die verslag van een van die inspekteurs wat die myne besoek het. Dit is wat hy te sê gehad het oor die hekke, of tonnels, waardeur die kinders steenkool moes dra:

'Ek weet net van twee hekke wat groot genoeg was sodat perde gebruik kon word, dit is waarom kinders die werk moet doen. In sommige van hulle moes ek die hele pad op my hande en knieë kruip, want dit was skaars twintig duim hoog, en dan moes ek nog laer afsak op my bors en soos 'n skilpad kruip. In ander tonnels kon ek loop deur vooroor te buig.

Hulle is soms baie lank. In die Booth Town-steenkoolmyn het ek 1 800 jaart na een van die naaste fronte geloop en gekruip. Elke hier en daar was die vloer van hierdie hek drie of vier duim diep onder water, en dit was oral modderig.

Op sommige plekke is die dakke en mure gelyk; op ander plekke, is dit grof, rotsagtig en los en is stutte nodig om dit te ondersteun: desnieteenstaande, al is voorsorgmaatreëls getref, het groot massas daarvan somtyds ingestort en die kinders begrawe.'

**BRON 3D**

Hieronder is 'n uittreksel waarin een werkersklashuis in Brittanje gedurende die Industriële Revolusie beskryf word. Uit *The Industrial Revolution* deur N Smyth.

Daar was net een kamer. Die venster was baie klein en die lig het deur die deur ingekom. Die jong vrou daarbinne het gesê, 'Kyk na daardie groot gat. Die eienaar wil dit nie regmaak nie. Ek moet elke nag sit en waghou, of my man moet sit en waghou, omdat daardie gat oor 'n gemeenskaplike riool loop en tot twintig rotte op 'n slag boontoe kom, en as ons nie sit en waghou nie, sal hulle aan die baba begin vreet.'


## VRAAG 4: TRANSFORMASIES TUSSEN 1750 EN 1850

**HOE HET SHAKA SUIDER-AFRIKA IN DIE VROEë 1800's GETRANSFORMEER?**

**BRON 4A**

Dit is 'n historiese kaart van Suider-Afrika wat die beweging van mense gedurende die Mfecane (Difaqane) in die vroeë 1800's toon. Uit *A History of South Africa* deur M Roberts.

Oranjeriver
Blankes
Limpoporivier
Vaalrivier
Groot Visrivier




Gebied wat deur die Mfecane/Difaqane verwoes is
Swart invallergroepe wat deur Zoeloe-uitbreiding veroorsaak is
Rigting van wit uitbreiding

**BRON 4B**

Dit is 'n uittreksel uit die dagboek van HF Fynn (Fynn was 'n Engelse handelaar wat Shaka van gewere en medisyne voorsien het). Hy beskryf die aanval wat Shaka en sy impis (leërmag) in 1824 teen die Ndwandwe-stam geloods het.

[Die Ndwandwe-krygers het hul vroue en kinders bo-op 'n heuwel geplaas en het 'n verdedigende posisie ingeneem en hulself deur beeste omring, in afwagting op 'n aanval deur Shaka se leërmag.]

'Shaka se krygers het stadig en versigtig voortgemarsjeer .... tot hulle ongeveer twintig jaart van die vyand tot stilstand gekom het. Die vyand het egter nie beweeg nie, totdat Jakob [die Zoeloe-tolk by Fynn] drie keer op hulle geskiet het [deur een van Fynn se gewere te gebruik]. Dit het nie gelyk asof die eerste en tweede skote enige indruk op hulle gemaak het nie, want hulle het net gesis en uitgeroep, 'Dit is 'n hond.' Na die derde skoot het die twee partye met 'n geweldige kreet op mekaar afgestorm en vir ongeveer drie minute aanhou steek, waarna beide groepe 'n paar treë teruggeval het. Toe hulle sien dat hul verliese ongeveer ewe groot was, het beide leërmagte weer 'n kreet geuiter, en toe weer vorentoe gestorm, en ongeveer twee keer so lank as die eerste aanval met mekaar geveg, waarna beide partye weer teruggetree het. Maar die vyand se verliese was nou groter. Dit het die Zoeloes tot 'n finale aanval aangespoor. Die oorblyfsels van die vyand se leër het in 'n nabygeleë woud skuiling gesoek, waaruit hulle spoedig gedryf is. Toe begin die slagting van die vroue en kinders. Hulle is almal doodgemaak. Die beeste is geneem na die kraal van Sikonyana (die Ndwandwe-hoof). Die hele veldslag het nie meer as 'n uur en 'n half geduur nie. Die vyandige stam, insluitende die vroue en kinders, kon nie minder as 40 000 in totaal gewees het nie.


Vroeg die volgende oggend het Shaka arriveer. Elke regiment het voordat hy hulle geïnspekteer het, sy 'lafaards' geïdentifiseer en hulle doodgemaak. Baie van hierdie krygers het ongetwyfeld hul lewens verloor omdat hul hoofde gevrees het dat indien hulle nie iemand skuldig bevind nie, dit Shaka se toorn sal laat opvlam.'

**BRON 4C**

Dit is 'n uittreksel uit die boek deur Alan Mountain *The Rise and Fall of the Zulu Empire*, waarvan die fokuspunt Shaka, die leier van die Zoeloes, is.

Die naam Shaka is in die gemoed van baie mense die grondslag waarop die Zoeloe-geskiedenis gebou is. Vir baie, veral diegene wat die teorie aanhang dat hy 'n 'groot man' was, dat hy die skepper van geskiedenis was, is hy die skepper of stigter van die Zoeloe-volk – 'n bykans bonatuurlike wese wat feitlik alleen beslag gegee het aan 'n groot volk en 'n koninkryk, gevorm uit 'n klomp los saamgestelde klein, onafhanklike of semi-onafhanklike eenhede. Shaka was egter nie 'n bonatuurlike wese nie, maar 'n uiters briljante, vasbeslote, wrede, insigryke en oorredende persoon wat vir twaalf kort jare die toneel van die Suid-Afrikaanse politiek soos 'n Colossus oorheers het en wat gedurende hierdie tydperk sy mede-akteurs asook die gehoor waarvoor die akteurs bestaan het, gebruik het om sake rakende die mense van sy tyd te choreografeer en te bestuur na sy wil.

Dit is moeilik om objektief oor Shaka te wees; soveel wat ons van hierdie man weet, spruit voort uit legendes en is onbetroubaar. Die enigste skriftelike rekords wat ons van daardie tyd het, is skriftelike rekords wat deur handelaars geskryf is – wat almal hul eie agendas gehad het en wat geeneen daarop aanspraak kan maak dat hulle objektiewe historici was nie. Mondelinge tradisie, wat die hoofbron van inligting oor Shaka is – veral in die vormingsjare van Shaka se verkryging van mag – is uit die aard daarvan ongetoets en onwetenskaplik en onderworpe aan verkeerde vertolking, oordrywing en wanvertolking deur sowel die verteller as die luisteraar – afhangende van hul eie persoonlike perspektief en geheue.



**Shaka, koning van die Zoeloes**

**ERKENNINGS**
Uittreksels en visuele bronne in hierdie addendum gebruik, is uit die volgende die volgende publikasies geneem:

Bottaro, J.,Visser, P. & Worden, N. 2005 *Oxford In Search of History Grade 10 Learner's Book,* Cape Town: Oxford
Buxton, S. 1995 *Industry, Expansion and the Empire*, Great Britain, Hodd & Stoughton
Clarke, C. 1964 *The American Revolution 1775-1783*, London, Longman
Department of National Education, NCS Grades 10-12, Subject Assessment Guidelines, History, September 2005
Ellis, P. et. al. *Shuters History Grade 10 Learner's Book*, PMBurg, Shuter and Shooter Publishers, 2005.
Everett, S. 1991 *History of Slavery*, Hong Kong, Chartwell Books
Govender, S.P. et. al. 2005 *New Generation History Grade 10 Learner's Book*, Musgrave, New Generation Publishers
Mountain, A. 1999 *The Rise and Fall of the Zulu Nation*, Constantia, kwaNtaba Publication
National Guideline Document on Assessment – Department of National Education.
Parkinson, R. 1971 *The American Revolution*, Washington, Putman
Pollard, M. 1978 *The Victorians*, London, Heinemman
Speed, P. & M. 1985 *The Industrial Revolution,* Somerset: Oxford
Winterbottom, D. 1972 *The American Revolution*, Cambridge, University Tutorial Press

Kopiereg voorbehou